



SOLIDARITEIT
BEWEGING

Twaalf
Bybelse oplossings
vir armoede

- Flip Buys -

Voorwoord

Ds. J.D. Kestell, bekend as Vader Kestell, preek in Desember 1931 'n besondere preek oor die toekoms van ons mense, selfs in tye van armoede en swaarkry. In hierdie preek vra hy dat mense asseblief nie moet moedeloos raak oor die dag van môre nie, hy pleit dat hulle moet dink aan 'n toekoms en dink aan die dag van môre. Meer spesifiek roep hy die luisteraars toe dat hulle moet onthou dat ons almal saam agteruitgaan as ons mekaar nie help en ondersteun nie. Kestell begrond hom op die inhoud van die Skrif. Die Skrif leer ons om in wysheid met hulle in nood om te gaan. 'n Mens kan help of jy kan vernietig. Die groot vraag is of jy mooi ondersoek en deurdink het waaroor nood en behoefte gaan en hoe 'n mens kragtig, met die middele en bronne wat daar is, werklik 'n verskil maak.

Daarom is hierdie werk van Flip Buys so belangrik. Eenvoudig, leesbaar en tog ingrypend prakties. Hy ontleed die belangrike beginsels rondom armoede, voorspoed, hulp, wysheid en dwaasheid in die ondersteuning van hulle wat swaarkry. Flip probeer nie met 'n omhaal van woord hier beïndruk nie, hy spreek opreg 'n saak aan wat nie by enigeen van ons verbygaan nie. Die publikasie van hierdie hulpmiddel is tydig. Solidariteit Helpende Hand wat armoede bestry en poog om voorspoed te verseker vir ons mense beleef en ervaar hoe armoede daagliks toeneem. Armoede raak almal, en hoe wyer dit strek, hoe meer beïnvloed dit jou kwesbare groepe – bejaardes, kinders en persone met gestremdhede. 'n Samelewing se gewete word gemeet aan hoe hierdie kwesbare groepe versorg en gehelp word.

Die riglyne in hierdie publikasie bied in ons tyd gedagtes tot nadenke.

Lees, oordink, maar meer belangrik, hoor en gaan doen.

Armoede is immers ons almal se probleem.

Hannes Noëth

Uitvoerende Direkteur

Solidariteit Helpende Hand

INHOUDSOPGAWE

Inleiding	1
Les 1: Die Here wil nie armoede hê nie	5
Les 2: Dit is 'n goddelike opdrag om armes te help	6
Les 3: Gewers sal ontvangers word	7
Les 4: God het die blymoedige gewer lief	8
Les 5: Die eerste plig is by die gesin en familie	9
Les 6: Werk is 'n plig	10
Les 7: Hulp gaan oor God se eer	11
Les 8: Rykes se plig en ryke beloning	12
Les 9: Doen goed aan medegelowiges én vreemdelinge	13
Les 10: Wie vir armes gee, gee vir God	14
Les 11: Die liefde moet vrygewigheid onderlê	15
Les 12: Reg en geregtigheid vir kwesbares	16
Slotwoord	17


Inleiding

’n Historiese tydlyn oor twee duisend jaar van mense se inkomste, wys dat die mensdom vir eeue en eeue in armoede gekluister was. Daaruit kan ons aflei dat die mens se natuurlike toestand een van armoede is. Die lewe was ’n daaglikse stryd om oorlewing. As ons oor armoede besin, moet ons gevolglik nie vra hoe armoede ontstaan het nie, maar eerder hoe voorspoed ontstaan. ’n Verbetering het eers met die Nywerheidsrevolusie begin intree toe mense in Europa begin agterkom het hoe om voorspoed te skep.

Global average GDP per capita over the long run



These historical estimates of GDP per capita are adjusted for inflation. We combine three sources to create this time series: the Maddison Database (before 1820), the Maddison Project Database (1820–1989), and the World Bank (1990 onward).



Data source: World Bank (2025); Bolt and van Zanden - Maddison Project Database 2023; Maddison Database 2020

Note: This data is expressed in International \$' at 2021 prices.


OurWorldInData.org/economic-growth | CC BY

1. International dollars: International dollars are a hypothetical currency that is used to make meaningful comparisons of monetary indicators of living standards. Figures expressed in international dollars are adjusted for inflation within countries over time, and for differences in the cost of living between countries. The goal of such adjustments is to provide a unit whose purchasing power is held fixed over time and across countries, such that one international dollar can buy the same quantity and quality of goods and services no matter where or when it is spent. Read more in our article: [What are Purchasing Power Parity adjustments and why do we need them?](#)

Die enigste betroubare padkaart uit armoede wat die geskiedenis vir ons gee, word treffend saamgevat deur 'n Nobelpryswenner in ekonomie, Milton Friedman: *“The record of history is absolutely clear. There is no alternative way of improving the lot of the ordinary people that can hold a candle to the productive activities that are unleashed by a free enterprise system ...”* Dit sluit aan by die vader van die vryemarkstelsel, Adam Smith, wat gesê het dat die sterkste krag vir ontwikkeling die wil in elke mens is om sy omstandighede te verbeter.

Dit het nietemin meer as 'n eeu geduur voordat die wêreld buite die Weste Friedman se padkaart na voorspoed gesnap het. Vandag is die einde van die algemene armoede wat die mensdom vir soveel eeue teister in sig vir diegene wat uit die lesse van die geskiedenis leer.

The Economist



Dit is net lande wat steeds aan uitgediende resepte van sosialisme vasklou wat nog hul bevolkings arm hou. 'n Kaart wat Noord- en Suid-Korea se liggies vanuit die ruimte aantoon, wys hierdie waarheid oteenseglik uit.

Ruimtekaart van Suid- en Noord-Korea



Ekonomiese vryheid werk, sosialisme nie

Hoewel Westerse lande en al meer in Asië uit armoede gebreek het, beteken dit nie dat almal in daardie lande voorspoedig is nie. Daar is steeds armes, selfs in ryk lande soos die VSA en Switserland. Hierdie armes kan in twee groepe verdeel word. Die eerste groep is mense wat deur omstandighede arm is, byvoorbeeld kinders wie se ouers nie vir hulle sorg nie; mense met gestremdhede wat nie kan werk nie; ou mense met 'n klein inkomste; mense wat graag wil werk maar nie werk kry nie; of werkende mense met baie klein salarisse. Hierdie groep is eintlik weerlose armes, en dra nie skuld aan hul behoefte nie. Dan is daar ongelukkig ook 'n groep wat bloot net 'n gebrek aan werksywer het – om dit prontuit te stel, wat luiards is. Vir hulle gee die

Bybel die bekende les in Spreuke 6:6-8: *“Gaan na die mier luiard, kyk na sy weë en word wys!”* (1953-vertaling)

Dit is ’n treffende beeld wat Salomo hier in Spreuke gebruik, omdat daar in ’n miernes nie armoede is nie, elkeen het ’n taak wat fluks uitgevoer word. Die miere sorg nie net vir hulself en vir mekaar se daaglikse behoeftes nie, hulle vergaar ook kos vir die wintermaande. In menslike taal sal ons sê hulle spaar en belê ’n deel van hul inkomste! Werk is die enigste volhoubare oplossing vir armoede. Die Bybelse bevel van bewerk en bewaak is reeds vroeg gegee. Ná die sondeval, soos Genesis 3:19 dit stel, word werk moeitevul: *“In die sweet van jou aangesig sal jy jou brood eet.”* Harde werk is dus ’n Bybelse opdrag. Ons lees ook in ’n gelykenis van Christus dat die mens moet woeker met sy talente.

Die Bybel gee belangrike lesse oor hoe ons met armes en armoede moet omgaan. Hier word verwys na die weerlose armes, dié wat nie vanweë hul eie toedoen behoef is nie. Daar is dus ’n baie skerp onderskeid tussen armoede wat veroorsaak is deur omstandighede, en armoede weens eie toedoen. Die liefdesgebod moet gelowiges se optrede in hierdie verband rig. Gelowiges moet die weerlose armes help, moet mense help om hulself te help, en moet verdrukkende stelsels wat mense verhoed om te werk, met beslistheid teenstaan. ’n Land kan net werk as sy werksmag werk. Die welstand van ’n land word immers deur die welstand van sy werksmag bepaal.

Die uitgangspunt van hierdie stuk is dat die mens – ook die arme – volgens Genesis 1:27 na die beeld van God geskape is. Arm en ryk is voor die Here gelyk volgens Spreuke 22:2. Armoede pas daarom nie by die mens nie.

Kom ons kyk na 12 Bybelse lesse oor armoede, en die gelowiges se plig om die weerlose armes by te staan.



Die Here wil nie armoede hê nie

In Deuteronomium 15:4-6 sê die Here *“Maar daar moet geen arme by jou wees nie ...”* (1953-vertaling). In die eerste Nuwe Testamentiese gemeente was daar nie behoeftiges wat aan hul eie lot oorgelaat is nie. Daar staan in Handeling 4: 34: *“Nie een van hulle het gebrek gely nie ...”* Christelike mededeelsaamheid is gegrond op gee – wat myne is, is joune. Dit staan lynreg teenoor sosialistiese herverdeling wat gegrond is op vat – wat joune is, is myne.

In God se volle genade en goedheid word armoede verbied. God se oorvloedigheid en genadige liefde is nie te rym met armoede en gebrek nie. Die liggaam van Christus, die Verbondsvolk, moet na mekaar kyk en God se goedheid deel en uitdeel – ook aan die wêreld.

Al sal ons die armes altyd by ons hê (Deut. 15: 11, Matt 26: 11), is dit vir ons geen alibi dat hulle altyd daar móét wees nie. Armoede is daar omdat die ongehoorsaamheid en verbondsverbreking vanweë die sondeval deel is van die werklikheid. Daarom moet ons hulpverlening só wees dat daar nie armes is as ons luister na die Here nie, want *“Hy sal ons baie voorspoedig maak in die land wat Hy as besitting gee”*. (Deut. 15:4) (2020-vertaling).

Dit is belangrik om te besef dat armoede ’n wye begrip met baie skakerings en grade is, en dat nie almal oor dieselfde kam geskeer kan word nie.



Dit is 'n goddelike opdrag om armes te help

Die Here gee op verskeie plekke in die Bybel opdrag dat die armes gehelp moet word. In Deuteronomium 15:10 staan daar: *“Gee vryelik aan jou broer wat arm is ...”*, en ook in vers 11: **“Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israëliet wat in nood is en arm is.”** In 1 Johannes 4:17-18 word gevra: *“Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde vir God in hom wees?”* Dan volg die opdrag in vers 11: *“Ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word.”* Ons lees ook in Psalm 82:3-4 die opdrag: *“Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, 'n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer, julle moet die mens in nood en die arme bevry.”*

In Hebreërs 13:16 staan geskrywe: *“Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dit is die offers wat vir God aanneemlik is.”* In Spreuke 3:27 staan daar geskryf: *“Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie. Moenie vir iemand sê: ‘Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou’, as jy nou reeds kan help nie.”*

Jakobus 1:27 beklemtoon ook die belangrikheid van praktiese daade: *“Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan ...”*

Christus se barmhartigheid is die beste voorbeeld vir gelowiges. Barmhartigheid vra 'n offer, anders is dit betekenisloos. 2 Korintiërs 8:9 stel dit so: *“Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.”* Waar 'n mens die arme help moet 'n mens onthou dat alle barmhartigheid altyd gegrond is in die barmhartigheid van Christus. Hy is die Barmhartige. Daarom berus alle barmhartigheid in Hom. Godsvrug en liefdadigheid gaan hand aan hand, wat byvoorbeeld in Psalm 112:3 en 9 gesien kan word.



Gewers sal ontvangers word

Ons lees op verskeie plekke in die Bybel dat dié wat vir ander gee, ontvangers vanaf die Here sal word. Dit word kragtig en treffend in Lukas 6:38 gestel: “As julle gee, sal julle ontvang. Julle gawe sal na julle terugkom in volle maat, ingestamp, geskud om plek vir meer te maak, tot oorlopende toe vol. Met watter maat julle ook al meet – klein of groot – dit sal gebruik word om te meet wat julle sal terugontvang.”

In Spreuke 19:17 word dit net so mooi gestel: *“Wie hom oor ’n arm mens ontferm, gee ’n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.”* In Psalm 41:2 staan: *“Dit gaan goed met die mens wat omsien na die swakke. Die Here sal hom red op die dag van nood.”* Die woord “swakke” verwys hier na “hulpelose,” en in die berymde weergawe van Totius staan daar digterlik: *“Welsalig wie die arme in verdriet sy hulp en bystand bied! God sal hom red, en in die dag van kwaad is Hy sy toeverlaat.”*

Dit blyk ook uit Deuteronomium 15:10 dat God oorfloed en voorspoed belowe vir diegene wat die armes help: *“... want juis omdat jy vir hom gee, sal die Here jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak”.* Spreuke 11:17 beklemtoon ook dat *“’n Mens wat iets vir ’n ander oor het, baat self daarby”,* terwyl Spreuke 14:21 daarby aansluit deur te bevestig dat *“wie medelye het met die mens in nood sal dit goed gaan”.*



God het die blymoedige gewer lief

Dit staan uitdruklik geskrywe in 2 Korintiërs 9:7 dat God die blymoedige gewer liefhet, en dat dié wat volop saai, volop sal oes. Vrygewigheid word hoog aangeslaan in die Bybel. Benewens die opdrag om vrygewig teenoor jou naaste te wees waarvan ons in Deuteronomium lees, word dit ook in Psalm 37:26 beklemtoon met die belofte van voorspoed aan sy nageslag: *“Hy is altyd vrygewig, hy leen uit sonder rente, met sy nageslag sal dit goed gaan.”*

Dit is nie altyd prakties moontlik vir mense om persoonlik by die opheffing van armoede betrokke te raak nie. Die oplossing is dan om bydraes aan verantwoordelike maatskaplike instellings te maak om hulle in staat te stel om armoede te bestry, die armes te help en groter voorspoed te help verseker.

Sprenke 22:9 beklemtoon dat mededeelsames geseën word, want hulle gee van hul kos aan arm mense.





Die eerste plig is by die gesin en familie

Die plig om vir jou huisgesin en familie te sorg, word sterk beklemtoon in 1 Timoteus 5:3 en verder: *“As iemand nie vir sy eie mense en veral vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as ’n ongelowige.”* Benewens die gesin, word die plig van familie ook in vers 16 beklemtoon: *“As ’n gelowige vrou weduwees in haar familie het, moet sy vir hulle sorg. Sy moet nie die las op die gemeente lê nie, sodat die gemeente die weduwees kan help wat alleen agtergelaat is.”* Dit is insiggewend dat daar nie net ’n plig op ouers is om hul gesin te versorg nie, maar ook op kinders en selfs kleinkinders om na hul ouers en grootouers om te sien. Dit staan in vers 4: *“Maar as ’n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God.”*

Hieruit kan afgelei word dat die plig om armes te help eerste by die gesin, dan die familie, en daarna by die gemeente en gemeenskap lê. Dit is asof die Here die weerlose arme vanuit alle rigtings toevou: ouers moet kinders help, kinders moet ouers help, en die gemeenskap moet van die kante af help. Ondertoe, boontoe én sywaarts, 360 grade. Die Bybel beklemtoon ook geslagmatigheid as dit by die voorkoming van armoede. In Spreuke 13:22 staan geskryf: *“’n Goeie mens laat ’n erfenis na vir sy kleinkinders”*. Aan die ander kant staan daar in Spreuke 27:8: *“Soos ’n voël wat sy nes net so los, so is ’n man wat sy gesin in die steek laat.”*





Werk is 'n plig

Dit is duidelik uit die Bybel dat behoeftiges nie net passiewe ontvangers van hulp mag wees nie, maar 'n plig het om self te werk om in hul lewensonderhoud te voorsien. In 1 Tessalonisense 5:14 skryf Paulus: *“Ons druk dit vir julle op die hart broers: 'Wys die leegleërs onder julle tereg!'.”*

Hy beklemtoon dit weer in 2 Tessalonisense 3:6: *“Ons beveel julle, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus: Onttrek julle aan elke broer wat leegleë en hom nie hou aan die opdragte wat julle van ons ontvang het nie. ... Toe ons nog by julle was, het ons vir julle uitdruklik gesê: 'As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.'”*

In Efesiërs 4:28 word dieselfde opdrag gegee: *“... hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.”*

Werk is nie net 'n manier om inkomste te verdien nie, maar om ons Godgegewe roeping uit te voer en om ander te dien en aan die samelewing te bou. Werk is ook hoe mense in hul posisies hul rentmeesterskap teenoor God uitoefen en ons besittings in diens van God en ons medemens gebruik. Ons het nie net 'n beroep nie, maar ook 'n roeping!

Die afleiding kan hieruit gemaak word dat werk vir diegene wat die vermoë het om te kan werk 'n plig is. Dit berus duidelik op die vierde gebod wat onder meer beveel dat jy ses dae moet arbeid, en al jou werk doen (Eks. 20:8). Die gesin, familie, gemeente en gemeenskap het wel 'n verantwoordelikheid om diegene te help wat nie kán werk nie, soos bejaardes, kinders en mense met gestremdhede. Dit is natuurlik net so belangrik om mense wat wil werk, maar nie werk kry nie, by te staan, en om ook te help om versperrings wat sulke mense verhoed om te werk, uit die weg te ruim. Verskeie profete tree sterk op teen armoedeverdrukking, byvoorbeeld Amos 2:6-7, Miga 6:8 en Jesaja 10:1,2.



Hulp gaan oor God se eer

Hulp en bystand aan die armes en behoeftiges help hulle en lei daartoe dat God geëer en vir die gewers gebid word. Paulus skryf in 2 Korintiërs 9 :11-14: *“... julle vrygewigheid het tot gevolg dat God gedank word, want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee. Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom prys oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander. Hulle sal ook vir julle bid en met verlange aan julle dink, omdat die genade van God oor julle so oorvloedig was.”*

Dit gaan nie net oor materiële armoede en rykdom nie, maar ook oor die geestelike rykdom wat volg op materiële hulp aan armes. Ons moet die armes by die gemeente betrek. So word die gemeenskap van die gelowiges verder uitgebou. Mense wat kerklos, kerkloos of selfs goddeloos geword het, sal só na die kerk van die Here teruggetrek word. Gelowiges wat die armes help moet dit nie doen om eer vir hulself in te oes nie, maar dit so doen dat God gedank en geëer word. Daar staan duidelik in Matteus 6:2: *“As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”*



Rykes se plig en ryke beloning

Diegene wat ryk is, het 'n plig om ook ryk in goeie dade te wees, en kry 'n belofte van ryke seëning daarvoor. Dit staan in 1 Timoteus 6:17-19: *“Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.”*

Dit is belangrik om te besef dat die aarde en alles wat daarop is, aan die Here behoort. (Psalm 24:1). Mense is nie die eienaars van hul welvaart nie, maar die rentmeesters van wat aan God behoort en wat ons volgens Sy wil moet bestuur. Let ook op die waarskuwing in Spreuke 21:13: *“As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie 'n antwoord kry as jý roep nie.”* Daarom moet ons ons geld, tyd, talente en hulpbronne só benut dat Hy die eer kry en dat dit vir ander mense nuttig is.



Doen goed aan medegelowiges én vreemdelinge

Paulus skryf in Galasiërs 6:9 en 10: *“Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel. Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.”*

Die beklemtoning van hulp aan medegelowiges sluit aan by ander dele van die Bybel waar hulp aan gesins- en familieledede wat arm is, in die kollig geplaas word. Die gemeenskap van gelowiges moet mekaar dus help en deur naasteliefde, mededeelsaamheid en ’n helpmekaargees gekenmerk word.

Christus se welbekende gelykenis van die barmhartige Samaritaan in Lukas 10 wys verder op die belangrikheid van hulp en bystand aan vreemdelinge in nood. Reeds in die Ou Testament word bepaal dat besondere sorg aan die vreemdeling, die nie-Israeliet, die nie-kerklidmaat, gegee moet word. Hy mag kos en klere en huisvesting nie ontbeer nie. (Deut.10: 18-19; Jes. 58:7; Jer. 7:6)



Wie vir armes gee, gee vir God

Dit is duidelik uit Matteus 25:34 en verder dat iemand wat vir die armes in hul nood gee, daardeur vir God self gee. Hulle sal as beloning die ewige lewe ontvang, omdat hulle die wil van God gedoen het.

“Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die Koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra wanneer het hulle hierdie alles vir Hom gedoen? Dan kom die Here se antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'” Die gedeelte sluit af met die heerlike beloning in vers 46: “Die wat die wil van God gedoen het, ontvang die ewige lewe.”



Die liefde moet vrygewigheid onderlê

Die Bybel beklemtoon die grootste gebod, dié van die liefde, as die belangrikste beweegrede vir hulp. In 1 Korintiërs 13:3 staan daar: *“Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks”*. Dit is juis die rede waarom die Here Jesus gekom het as Redder: *“Ek het gekom dat hulle lewe en oorvloed kan hê.”* Joh. 10:10. Ons mag reken op God se oorvloedige liefde en seëning wanneer ons armoede uitroei.

Vrygewigheid beteken nie net geld nie. Dit is baie maal belangriker om tyd, raad of meer van jouself te gee. Die armes mag nie net passiewe ontvangers van hulp bly nie, hulle moet aktiewe deelnemers aan hulle eie opheffing word.



Reg en geregtigheid vir kwesbares

Hulp en bystand aan armes, behoeftiges en diegene in nood behels veel meer as materiële hulp. Salomo beklemtoon in Spreuke 31:8 en 9 die belangrikheid van reg en geregtigheid vir die kwesbares in ons samelewing soos volg: *“Praat jý vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan; praat, en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en ellendiges.”*

Psalm 82:3 en 4 wys ook op die belangrikheid daarvan dat reg moet geskied: *“Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, en ’n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer.”*

In Jesaja 58:6-4 lees ons dat die Bybel reg en geregtigheid vooropstel, saam met bystand aan die armes en diegene in nood. Beloftes van voorspoed word daaraan gekoppel. Vers 7 stel dit duidelik: *“Jy mag jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie.”*



Slotwoord

Die mensdom was vir eeue in 'n toestand van armoede totdat daar veranderings ingetree het wat tot groter voorspoed onder al meer mense gelei het. Die verhaal van die Protestantse Hervorming se bepalende rol in die opkoms van voorspoed moet nog geskryf word. Ten slotte: Gelowiges het 'n Bybelse opdrag om weerlose armes te help. Dit is egter lewensbelangrik dat die Christelike naasteliefde van mededeelsaamheid rég gedoen moet word, anders kan dit armoede verdiep, vererger en verleng.



Die Bybel gee dus duidelike opdragte en riglyne oor hulp en bystand aan die armes en behoeftiges. Die uitdaging vir gelowiges, kerke, diakonieë en Christelike maatskaplike instellings, is om hierdie Bybelse beginsels in die praktyk neerslag te laat vind, en om só ons stukkende wêreld te help heel. Die klem moet nie net op armoede val nie. Die doel moet groter voorspoed en welstand vir almal wees. Die oorfloed van God se genade moet ons laat beseef dat daar geen armes by ons mag wees nie.



Ontmoet Flip Buys, die man agter die Solidariteit Beweging

Flip het sy loopbaan as 'n arbeidsverhoudinge-beampte by Eskom begin. In 1990 het hy na aanleiding van die veranderinge in die land besluit om by die Mynwerkersunie (MWU) aan te sluit om te help om 'n sterk Afrikanerbeweging te bou. Tydens sy honneursstudie in arbeidsverhoudinge het Flip 'n studie van internasionale vakbonde begin maak.

Hy het gekyk na die rol wat Christelike vakbonde in Europa gespeel het om hul lande ná die Tweede Wêreldoorlog weer op te bou. Hy het ook die rol wat die Poolse antikommunistiese vakbond Solidariteit in die val van die kommunisme gespeel het ondersoek. Hy het veral belanggestel in die Israelse vakbondbeweging, die Histadrut. Ná 'n besoek aan Israel en ontmoetings met die Christelike vakbondbewegings in Nederland en Vlaandere, was hy daarvan oortuig dat die MWU tot 'n familie van organisasies uitgebou kon word om Afrikaners en Afrikaans in 'n nuwe, ANC-oorheersde bedeling te beskerm.



SOLIDARITEIT
BEWEGING





SOLIDARITEIT
BEWEGING